# UNISA

# MUSIEKTEORIELEERPLANNE

## GRAAD 6 – 8

2015 (tot verdere kennisgewing)

Direktoraat Musiek
Universiteit van Suid Afrika
PRETORIA

Hersiene Uitgawe
2017

© Kopiereg 2015 deur Unisa

Alle regte voorbehou

Gedruk en uitgegee deur die
Universiteit van Suid-Afrika
Muckleneuk, Pretoria

# INHOUD

*Bladsy*

ALGEMEEN

| | | |
|---|---|---|
| A | Taalmedium | (iv) |
| B | Eksamentermyne | (iv) |
| C | Skryfbehoeftes vir die teorie-eksamens | (iv) |
| D | Hernasien, Punteverslag en Eksaminatorsverslag | (iv) |

GRAAD 6 1

GRAAD 7 9

GRAAD 8 16

# ALGEMEEN

## A Taalmedium

Musiekteorieleerplanne en vraestelle vir teorie-eksamens word in Afrikaans, Engels, Sotho, Zulu en Xhosa opgestel.

## B Eksamentermyne

Eerste eksamentermyn: Die eerste week in **Junie** – Voorgraad 1 tot Graad 6.

Tweede eksamentermyn: Die eerste helfte van **Oktober** – Voorgraad 1 tot Graad 8.

Die presiese datums word van jaar tot jaar vasgestel na gelang van die getal inskrywings, en belanghebbendes sal betyds daarvan in kennis gestel word.

## C Skryfbehoeftes vir die teorie-eksamens

Manuskrippapier waarop die kandidate kladwerk kan doen voordat hulle die antwoorde op die eksamenvraestel self neerskryf, word deur die Universiteit verskaf.

**Potloodskrif sal aanvaar word** mits dit **duidelik leesbaar** is, byvoorbeeld wanneer 'n **B-** of **HB**-potlood gebruik word.

## D Hernasien, Punteverslag en Eksaminatorsverslag

*D.1 Hernasien van antwoorde*

Die antwoorde van 'n kandidaat wat in 'n teorie-eksamen druip, kan opnuut nagesien word teen betaling van 50% van die inskrywingsgeld vir die betrokke eksamen. Dié geld is nie terugbetaalbaar nie.

*D.2 Uitreiking van punteverslag*

'n Verslag wat die punte aantoon wat 'n kandidaat vir individuele vrae tydens die teorie-eksamen behaal het, kan teen betaling van die voorgeskrewe fooi uitgereik word.

*D.3 Uitreiking van eksaminatorsverslag*

'n Eksaminatorsverslag kan vir 'n kandidaat se teorie-eksamen aangevra word teen betaling van volle inskrywingsgeld vir die betrokke eksamen.

*In alle gevalle onder D.1, D.2 en D.3 genoem, moet die aansoek, saam met die voorgeskrewe geld, die Universiteit teen **20 Augustus** (vir die **eerste termyn**) en **20 Januarie** (vir die **tweede termyn** van die **vorige** kalenderjaar) bereik. Die antwoordeboeke word daarna vernietig.*

# GRAAD 6 [T60–J]

**VERPLIGTE SKRIFTELIKE EKSAMEN VIR ENIGE GRAAD 8 PRAKTIESE EKSAMEN**

- In Musiekteorie Graad 6 is daar twee vraestelle. Indien kandidate in een van die vraestelle druip, sal krediet onvoorwaardelik vir die ander vraestel behou word.*
- Graad 6 Musiekteorie kandidate mag vir beide vraestelle of enige een vraestel (in enige orde) vir enige sessie inskryf. Indien kandidate vir een vraestel inskryf, sal die inskrywingsfooi 50% van die fooi wees.

**Leerplanne vir Musiekteorie Voorgraad 1 tot en met Graad 8 is akkumulatief, dws kandidate moet vertroud wees met die leerplaninhoud van alle vorige grade.**

| GRAAD 6 (T60-J) | TYDSDUUR | SLAAGPUNT | MAKSIMUM PUNTE | |
|---|---|---|---|---|
| **VRAESTEL 1 (T61-K)**<br>Harmonie en Kontrapunt | 3 uur | 50 | | 100 |
| **VRAESTEL 2 (T62-L)**<br>Musiekgeskiedenis en Vormontleding | 3 uur | 50 | | 100 |
| | | | TOTAAL | 200 |
| | | | Ererol | 170 |
| | | | Lof | 160 |
| | | | Eervolle vermelding | 140 |
| | | | Slaag | 100 |

* Vrystellingsooreenkomste bestaan met Suid-Afrikaanse Universiteite waarvolgens kandidate by die Direktoraat Musiek kan aansoek doen om moontlike vrystelling van Musiekteorie Graad 6, nadat hulle 'n voltooide eeste jaar van 'n BMus-graad, of 'n voltooide tweede jaar van 'n verlengde BMus-graad geslaag het.

Graad 6.1

# VRAESTEL 1 (T61–K): HARMONIE EN KONTRAPUNT

## 1 VIERSTEMMIGHEID

Die byvoeging van drie partye onder 'n gegewe sopraan en/of bo 'n gegewe bas in enige majeur en mineur toonsoort met aanwending van die volgende:

### 1.1 Primêre en sekondêre drieklanke

Alle primêre en sekondêre drieklanke in die gebruiklike grondposisie en omkerings.

### 1.2 Dominantsewende-akkoord (dominantvierklank)

Die dominantsewende-akkoord in grondposisie en alle omkerings.

### 1.3 Spilakkoord en direkte modulasies na verwante toonsoorte

#### 1.3.1 Vanaf majeur toonsoorte

- modulasie vanaf enige majeur toonsoort na sy dominant majeur toonsoort en terug
- modulasie vanaf enige majeur toonsoort na sy submediant mineur toonsoort (verwante mineur toonsoort) en terug

#### 1.3.2 Vanaf mineur toonsoorte

- modulasie vanaf enige mineur toonsoort na sy mediant majeur toonsoort (verwante majeur toonsoort) en terug

### 1.4 Tussendominante en tussenleitone

Tussendominante (drie- en/of vierklanke) in grondposisie en alle omkerings, en tussenleitone (sekondêre leitoon vierklanke) slegs in grondposisie

#### 1.4.1 Majeur toonsoorte

- Tussendominante

$V_{(7)}$*/ V – V; $V_{(7)}$/ IV – IV; $V_{(7)}$/ ii – ii; $V_{(7)}$/ iii – iii; $V_{(7)}$/ vi – vi

- Tussenleitone

$vii^{0}{}_{(7)}$/ V – V; $vii^{0}{}_{(7)}$/ IV – IV; $vii^{0}{}_{(7)}$/ ii – ii; $vii^{0}{}_{(7)}$/ iii – iii; $vii^{0}{}_{(7)}$/ vi – vi

---

* wisseldominant

### 1.4.2 Mineur toonsoorte

- Tussendominante

$V_{(7)}$*/ V – V; $V_{(7)}$/ iv – iv; $V_{(7)}$/ VI – VI; $V_{(7)}$/ III – III

- Tussenleitone

$vii^{0}{}_{(7)}$/ V – V; $vii^{0}{}_{(7)}$/ iv – iv; $vii^{0}{}_{(7)}$/ VI – VI

## 1.5 Enkel diatoniese akkoordvreemde note (nie-essensiële note)

(beklemtoond en onbeklemtoond waar van toepassing)

- deurgangsnoot
- bo- en onderhulpnote (wisselnote)**
- *terughouding* (vertraging)
- appoggiatura (leunnoot)
- *voaoruitneming* (antisipasie)
- *échappée* (ontsnappingsnoot)

## 1.6 Alle kadense

# 2 TWEESTEMMIGE KONTRAPUNT

Die ontleding van Twee-stemmige Invensies Nos 1 – 8 van Johann Sebastian Bach, met die klem op die identifikasie van die motief, teenmotief, toonsoorte, imitasie asook ontwikkelingstegnieke soos vergroting, verkleining, omkering, *retrograde*, en *stretto*.

# 3 MELODIELEER

Die voltooiing van 'n melodie vir 'n instrument van jou keuse (minimum 12 en maksimum 16 mate) in óf die F- óf G-sleutel, waarvan die aanvangsnote gegee sal word. Sekwense, modulasies en tussendominante soos uiteengesit in paragrawe 1.3 en 1.4 en die byvoeging van gepaste frasering, artikulasie en dinamiese aanduidings sal vereis word.

---

* wisseldominant

** diatoniese en chromatiese vorm

## 4 HARMONIESE ANALISE

Harmoniese analise van **ENIGE** gegewe uittreksels van musiek wat die elemente bevat wat bestudeer was mbt:

- toonsoorte
- modulasies
- akkoordprogressies
- akkoordvreemde note (nie-essensiële note)
- kadense
- sekwense

**NB!**

**'n Lys aanbevolle boeke vir Graad 6 Musiekteorie is beskikbaar op ons webblad www.unisa.ac.za/music (skakel: *Theory of Music Resources*).**

# VRAESTEL 2 (T62–L): MUSIEKGESKIEDENIS EN VORMONTLEDING

## 1 MUSIEKGESKIEDENIS

'n Studie van die bydraes van die volgende komponiste met betrekking tot die gegewe komposisie genres:

### 1.1 BAROKTYDPERK

**JS BACH – fuga**

1. Definisie van
   - fuga
   - uiteensetting
   - tema (tonaal en reël (juis))
   - kontratema
   - oortollige (bykomstige) intrede
   - kodetta
   - episode
2. Lewer kortliks kommentaar op
   - *Das Wohltemperierte Clavier.*
   - Gelykswewende stemming (*Equal temperament*)

### 1.2 KLASSIEKE TYDPERK

**HAYDN – simfonie**

1. Definisie van
   - Hob (Anthony van Hoboken)
   - *Sturm und Drang*
2. Lewer kortliks kommentaar op
   - *London (Salomon) simfonieë* (nos 93 – 104)
   - *Parys simfonieë* (nos 82 – 87)
3. Stylkenmerke – enige 3 styleienskappe mbt simfonieë van Haydn

Graad 6.2

**MOZART – opera**

1. Definisie van
   - K., KV. (Köchel-Verzeichnis)
   - opera buffa – gee 1 Mozart voorbeeld
   - opera seria – gee 1 Mozart voorbeeld
   - Singspiel – gee 1 Mozart voorbeeld
   - resitatief – recitativo secco – recitativo accompagnato
   - ouverture
2. Lewer kortliks kommentaar op
   - *Don Giovanni*
   - *Die Zauberflöte*
3. Stylkenmerke – enige 3 stylkenmerke mbt operas van Mozart

**BEETHOVEN – simfonie**

1. Definisie van
   - Simfonie
   - Sonatevorm
   - Rondovorm en die Sonaterondo
2. Lewer kommentaar op **Beethoven se Simfonieë Nos 3, 5 en 9**
3. Stylkenmerke – enige 3 stylkenmerke mbt die simfonieë van Beethoven

## 1.3 ROMANTIEK

**SCHUBERT – kunslied (Lied)**

1. Definisie van
   - kunslied (Lied)
   - strofiese kunslied – gee 1 Schubert voorbeeld
   - deurgekomponeerde kunslied – gee 1 Schubert voorbeeld
   - sangsiklus (Liedersiklus)
   - D. (Otto Deutsch)
2. Lewer kortliks kommentaar op
   - die algemene kenmerke van die kunslied, die verhouding tussen die liedteks en die musiek, asook tussen die stem en die klavierbegeleiding.
   - *Winterreise* D. 911 – noem 2 liedere uit die siklus
   - *Die schöne Müllerin* D. 795 – noem 2 liedere uit die siklus
3. Noem 3 digters wie se gedigte deur Schubert getoonset is
4. Stylkenmerke – enige 3 styleienskappe mbt kunsliedere van Schubert

**CHOPIN – klaviermusiek**

1. Definisie van
   - karakterstuk
   - rubato (tempo rubato)
   - mazurka – gee 1 Chopin voorbeeld
   - nokturne – gee 1 Chopin voorbeeld
   - polonaise – gee 1 Chopin voorbeeld
   - ballade – gee 1 Chopin voorbeeld
2. Lewer kortliks kommentaar op
   - *Etudes* op 10; op 25
3. Stylkenmerke – enige 3 stylkenmerke mbt klaviermusiek van Chopin

## 1.4 TWINTIGSTE EEU

### Strominge/Style/Bewegings

'n Bondige definisie en voorbeelde van komposisies deur komponiste verteenwoordigend van elk van die volgende musiekstylle:

- Impressionisme
- Ekspressionisme
- Seriëlisme
- Minimalisme
- Aleatoriese musiek (toevalsmusiek)
- Atonale musiek

### Populêre musiek en Jazz

'n Gedetailleerde definisie van, en die benoeming van musikante verteenwoordigend van die volgende style:

***Suid-Afrikaanse township-musiek***

- Kwêla
- Marabi
- Mbaqanga

**EN**

***Amerikaanse Jazz***

- New Orleans styl (Dixieland)
- Swing
- Bebop (bop)

## 2 VORMONTLEDING*

**Ontleding van die volgende werke** tov oorkoepelende struktuur, frasekon-struksie, komposisie tegnieke, harmoniese en melodiese middele:**

- JS BACH — *Fuga in C mineur*, uit WTC 1 (BWV 847)
- MOZART — 1[ste] beweging uit *Sonate in C major*, K. 309
- SCHUBERT — *Der Neugierige*, uit *Die schöne Müllerin,* D 795
- SJ KHOSA — *Nyeleti ya Mixo* (Die oggendster is uit)

**NB!**

**'n Lys aanbevolle boeke vir Graad 6 Musiekteorie is beskikbaar op ons webblad www.unisa.ac.za/music (skakel: *Theory of Music Resources*).**

---

* Vrae sal beperk word tot die voorgeskrewe vereistes

** Hierdie stukke met beknopte analises kan in 'n aparte publikasie vanaf Die Bedryfsafdeling, Unisa Uitgewers, Posbus 392, Unisa, 0003 bestel word
e-pos frasehhj@unisa.ac.za (navrae alleenlik)
Tel (012)-429-3368; Faks (012)-429-3221/3449

# GRAAD 7 [T70–L]

**VERPLIGTE SKRIFTELIKE EKSAMEN VIR MUSIEKTEORIE**
**GRAAD 8**

- Om te slaag in musiekteorie Graad 7 moet 'n kandidaat beide vraestelle slaag met 'n minimum van 50% in elke vraestel.*
- Kandidate behou krediet vir enkele vraestelle geslaag.
- Graad 7 Musiekteorie kandidate mag vir beide vraestelle of slegs een vraestel (in enige orde) inskryf. Indien kandidate vir een vraestel inskryf, sal die inskrywingsfooi 50% van die fooi wees.
- Graad 7 Musiekteorie-eksamens word slegs in die tweede eksamensessie aangebied.

**Leerplanne vir Musiekteorie Voorgraad 1 tot en met Graad 8 is akkumulatief, dws kandidate moet vertroud wees met die leerplaninhoud van alle vorige grade.**

| GRAAD 7 (T70-L) | TYDSDUUR | SLAAGPUNT | MAKSIMUM PUNTE | |
|---|---|---|---|---|
| **VRAESTEL 1 (T71-M)** Harmonie en Kontrapunt | 3 uur | 50 | | 100 |
| **VRAESTEL 2 (T72-N)** Musiekgeskiedenis en Vormontleding | 3 uur | 50 | | 100 |
| | | | TOTAAL | 200 |
| | | | Ererol | 160 |
| | | | Lof | 150 |
| | | | Slaag | 100 |

* Vrystellingsooreenkomste bestaan met Suid-Afrikaanse Universiteite waarvolgens kandidate by die Direktoraat Musiek kan aansoek doen om moontlike vrystelling van Musiekteorie Graad 7, nadat hulle 'n voltooide tweede jaar van 'n BMus-graad, of 'n voltooide derde jaar van 'n verlengde BMus-graad geslaag het.

Graad 7.1

# VRAESTEL 1 (T71–M): HARMONIE EN KONTRAPUNT

## 1 DIE VOLTOOIING VAN 'N MELODIE

Die voltooiing van 'n melodie vir 'n gespesifiseerde instrument deur die kandidaat, waarvan die aanvangsnote gegee sal word. Modulasie(s) na verwante toonsoort(e) sal vereis word. Byvoeging van gepaste frasering, artikulasie en dinamiese aanduidings sal vereis word.

## 2 VIERSTEMMIGHEID

Die byvoeging van drie partye onder 'n gegewe sopraan en/of bo 'n gegewe bas wat mag moduleer na verwante toonsoorte, met aanwending van die volgende:

**2.1** die harmoniese middele soos voorgeskryf vir Musiekteorie graad 6

**2.2** die diatoniese (sekondêre) vierklanke op alle toontrappe in grondposisie

**2.3** die dominantvyfklank in grondposisie

**2.4** die verminderde vierklank op die leitoon in alle gebruiklike posisies in majeur en mineur toonsoorte

**2.5** die Napelse sekstakkoord

**2.6** die Italiaanse-, Franse- en Duitse vergrote sekstakkoorde

**2.7** alle sekondêre dominantdrieklanke en dominantvierklanke (in gebruiklike posisies) en dominant mineurvyfklanke (in grondposisie), en die eerste omkerings van die vierklanke en mineurvyfklanke, wat sekondêre verminderde drie- en -vierklanke vorm

**2.8** die volgende geleende drieklanke in gebruiklike posisies:

- die majeur akkoord op die verlaagde mediant, sub-mediant en leitoon in majeur toonsoorte
- die mineur akkoord op die subdominant in majeur toonsoorte
- die majeur akkoord op die subdominant en tonika in mineur toonsoorte

**2.9** die benadering en/of oplossing van diatoniese en chromatiese drie- en vierklanke deurdat trapsgewyse beweging plaasvind in sommige of alle stemme om 'n volgende aanvaarde akkoord te vorm

**2.10** alle akkoordvreemde note (nie-essensiële note) met direkte en ornamentele oplossings.

## 3 DIE SKRYF VAN 'N ANTWOORD EN 'N KONTRATEMA OP 'N GEGEWE FUGATEMA

Die skryf van 'n antwoord op 'n gegewe fugatema, en 'n kontratema omkeerbaar in die vyftiende daarteen. Die tema mag 'n tonale of reële (juiste) antwoord vereis.

## 4 DIE SKRYF VAN 'N EINDIGE TWEESTEMMIGE KANON

Die skryf van 'n eindige tweestemmige kanon tot en met 10 mate met of sonder 'n vry derde stem in die bas. Die aanvangsnote sal gegee word. Geen modulasies sal vereis word nie.

**NB!**

**‘n Lys aanbevolle boeke vir Graad 7 Musiekteorie is beskikbaar op ons webblad www.unisa.ac.za/music (skakel: *Theory of Music Resources*).**

Graad 7.2

# VRAESTEL 2 (T72–N): MUSIEKGESKIEDENIS EN VORMONTLEDING

## 1 MUSIEKGESKIEDENIS

'n Studie van die volgende komponiste met betrekking tot:

- Besondere bydraes tot die belangrikste musiekgenres
- Belangrike komposisies verteenwoordigend van elke genoemde musiekgenre
- Algemene stylkenmerke

| | | | |
|---|---|---|---|
| **BAROK** | Purcell<br>Handel | Bach JS<br>Scarlatti D | |
| **KLASSIEK** | Gluck<br>Haydn | Mozart<br>Beethoven | |
| **ROMANTIEK** | Schubert<br>Brahms | Verdi<br>Schumann | Chopin |
| **TWINTIGSTE EEU<br>(Gebore voor 1900)** | Debussy<br>Schoenberg | Ravel<br>Bartók | Strawinski<br>Prokofjef |
| **SUID-AFRIKAANS<br>(Gebore voor 1925)** | Prinses Magogo<br>Solomon Linda | Michael Mosoen Moerane<br>Stefans Grové | |

## 2 VORMONTLEDING

Ontleding van die volgende Barok-, Klassieke-, Romantiese, Jazz en Suid-Afrikaanse werke ten opsigte van oorkoepelende struktuur, frasekonstruksie, komposisie tegnieke, harmoniese en melodiese middele.

Graad 7.2

**BAROKWERKE**

- PURCELL — Dido's Lament, uit *Dido and Aeneas* (Resitatief en Aria)
- JS BACH — *Fuga in F*, uit WTC 1 (BWV 856)
  Koraalvoorspel: *Wenn wir in höchsten Nöten sein* (BWV 641)
  *Crucifixus*, uit *Mis in b mineur* (BWV 232)
- D SCARLATTI — *Sonate in D* (K 96) (L 465)

**KLASSIEKE WERKE**

- HAYDN — Bewegings 3 en 4 uit *Simfonie in D* no 101 (Hob1:101)
- MOZART — Sonate in B♭, K 333 (volledige sonate)
- BEETHOVEN — Bewegings 1 en 3 uit *Sonate in f*, op 2 no 1
  Beweging 2 uit *Sonate in E*, op 14 no 1

**ROMANTIESE WERKE**

- SCHUBERT — *Erlkönig* (D 328)
- SCHUMANN — *Er, der herrllichste von allen*, uit *Frauenliebe und -leben,* op 42
- CHOPIN — *Masurka in A♭*, op 59 no 2
  *Nokturne in D♭*, op 27 no 2
- BRAHMS — *Intermezzo in a*, op 76 no 7

**JAZZ**

- JOSEPH KING OLIVER — *West End Blues*

**SUID-AFRIKAANSE WERKE**

- ARNOLD VAN WYK — *Dumka: Hommage à Epétopoiret* uit *Four Piano Pieces*
- HUBERT DU PLESSIS — *Homage to Chopin*, uit *Four Piano Pieces,* op 28

Graad 7.2

**VOORGESKREWE BAROK, KLASSIEKE, ROMANTIESE EN JAZZ WERKE**

Alle voorgeskrewe Barok, Klassieke, Romantiese en Jazz werke kan gevind word in:

Charles Burkhart with William Rothstein, *Anthology for Musical Analysis: Postmodern Update,* Sixth Edition, Copyright @ 2008 Thomson Schirmer.

Hierdie publikasie kan bestel word van die volgende boekhandels of van die Internet:

- Van Schaik Boekhandel (Hatfield, Pretoria)
  Tel: 012 362-5669 / 5698 Faks: 012 362-5673
  e-pos: vshat@vanschaik.com

- Van Schaik Boekhandel (Braamfontein, Johannesburg)
  Tel: 011 339-1711 Faks: 011 339-7267
  e-pos: vsbraam@vanschaik.com

- Van Schaik Boekhandel (Rondebosch)
  Tel: 021 689-4112 Faks: 021 686-3404
  e-pos: vsrbosch@vanschaik.com

- Van Schaik Boekhandel (Parow)
  Tel: 021 930-2480 Faks: 021 939-3767
  e-pos: vsparow@vanschaik.com

- Van Schaik Boekhandel (Bloemfontein)
  Tel: 051 447-6685 Faks: 051 447-7837
  e-pos: vsbloem@vanschaik.com

- Van Schaik Boekhandel (Durban)
  Tel: 031 332-2009 Faks: 031 332-2029
  e-pos: kbartleson@vanschaik.com

- Van Schaik Boekhandel (Polokwane)
  Tel: 015 295-9040 / 9090 / 9360 Faks: 015 295-9099
  e-pos: molatelo@vanschaik.com

- Van Schaik Boekhandel (Pietermaritzburg)
  Tel: 033 386-9308 / 5698 Faks: 033 386-9633
  e-pos: mastpmb@mweb.co.za

- Van Schaik Boekhandel (Namibia)
  Tel: 061 206-3364 Faks: 061 206-3040
  e-pos: vsunam@vanschaik.com

| VOORGESKREWE SUID-AFRIKAANSE WERKE | |
|---|---|
| **ARNOLD VAN WYK**<br><br>kan bestel word van:<br><br>Accent Music<br>Posbus 30634<br>BRAAMFONTEIN<br>2017<br><br>Tel (011) 339-1431<br>Faks (011) 339-7365<br><br>e-pos: accent@pixie.co.za | **HUBERT DU PLESSIS**<br><br>kan bestel word van:<br><br>Samro<br>Posbus 31609<br>BRAAMFONTEIN<br>2017<br><br>Noelene Kotzé (Samro Archive)<br>Tel (011) 489-5162<br>Faks (011) 403-1934<br><br>e-pos: noelene.kotze@samro.org.za |

**NB!**

**'n Lys aanbevolle boeke vir Graad 7 Musiekteorie is beskikbaar op ons webblad www.unisa.ac.za/music (skakel: *Theory of Music Resources*).**

# GRAAD 8 [T80–N]

- Ten einde toegelaat te word tot Musiekteorie Graad 8, moet 'n kandidaat reeds Musiekteorie Graad 7 geslaag het.
- Om te slaag in Musiekteorie Graad 8 moet 'n kandidaat beide vraestelle slaag met ‘n minimum van 50% in elke vraestel.
- Kandidate behou krediet vir enkele vraestelle geslaag.
- Kandidate mag vir die volle duur van vraestel 1 (Harmonie en Kontrapunt) **gebruik maak van 'n klavier.**
- Kandidate moet vir beide vraestelle **gelyktydig** inskryf.
- Graad 8 Musiekteorie-eksamens word slegs in die tweede eksamensessie aangebied.

**Leerplanne vir Musiekteorie Voorgraad 1 tot en met Graad 8 is akkumulatief, dws kandidate moet vertroud wees met die leerplaninhoud van alle vorige grade.**

| GRAAD 8 (T80-N) | TYDSDUUR | SLAAGPUNT | MAKSIMUM PUNTE | |
|---|---|---|---|---|
| **VRAESTEL 1 (T81-P)**<br>Harmonie en Kontrapunt | 3 uur | 50 | | 100 |
| **VRAESTEL 2 (T82-Q)**<br>Musiekgeskiedenis en Vormontleding | 3 uur | 50 | | 100 |
| | | | TOTAAL | 200 |
| | | | Ererol | 160 |
| | | | Lof | 150 |
| | | | Slaag | 100 |

# VRAESTEL 1 (T81–P): HARMONIE EN KONTRAPUNT

Kandidate moet die harmoniese en kontrapuntale middele soos voorgeskryf vir Musiekteorie Graad 6 en 7 asook **enharmoniese modulasie** en **tertsverwantskappe** bestudeer.

Vrae sal as volg gestel word:

1. Die skryf van 'n driestemmige fuga-uiteensetting vir klawerbord of enige drie instrumente van jou keuse in die agttiende-eeuse kontrapuntale styl. Die tema sal gegee word.
2. Die byvoeging van twee kontrapuntale partye teenoor 'n gegewe cantus firmus vir orrel in die agttiende-eeuse kontrapuntale styl.
3. Die harmonisering vir klavier of instrumentale kwartet van 'n gegewe melodie in Klassieke idioom.
4. Die voortsetting van 'n passasie vir klavier in Romantiese idioom, met gebruikmaking van geskikte chromatiese akkoorde en enharmoniese modulasies.

**NB!**

**'n Lys aanbevolle boeke vir Graad 8 Musiekteorie is beskikbaar op ons webblad www.unisa.ac.za/music (skakel: *Theory of Music Resources*).**

Graad 8.2

# VRAESTEL 2 (T82–Q): MUSIEKGESKIEDENIS EN VORMONTLEDING

## 1 MUSIEKGESKIEDENIS

'n Studie van die volgende komponiste met betrekking tot:

- Besondere bydraes tot die belangrikste musiekgenres
- Belangrike komposisies verteenwoordigend van elke genoemde musiekgenre
- Algemene stylkenmerke

| | | | |
|---|---|---|---|
| **RENAISSANCE** | Desprez<br>Palestrina | Lassus<br>Byrd | Monteverdi |
| **TWINTIGSTE EEU<br>(Gebore na 1900)** | **AMERIKA**<br>Copland<br>Cage<br>Bernstein<br><br>**ARGENTINIË**<br>Ginastera<br><br>**DUITSLAND**<br>Stockhausen | **ENGELAND**<br>Britten<br><br>**FRANKRYK**<br>Messiaen<br><br>**HONGARYE**<br>Ligeti | **ITALIË**<br>Dallapiccola<br><br>**POLE**<br>Penderecki<br>Lutoslawski<br><br>**RUSLAND**<br>Sjostakowitsj |
| **SUID-AFRIKAANS<br>(Gebore na 1940)** | Peter Klatzow<br>Jeanne Zaidel-Rudolph | | Kevin Volans<br>Hendrik Hofmeyr |

## 2 VORMONTLEDING

Ontleding van die volgende Renaissance, Twintigste eeuse en Suid-Afrikaanse werke ten opsigte van oorkoepelende struktuur, frasekonstruksie, komposisie tegnieke, harmoniese en melodiese middele.

**RENAISSANCE**

- DESPREZ — Motet: *Tu pauperum refugium*
- PALESTRINA — *Sanctus* en *Benedictus*, uit *Missa Aeterna Christi Munera*
- LASSUS — *Beatus Homo* en *Expectatio Justorum*, uit *Three Duos*
- MONTEVERDI — Madrigal: *Lasciatemi morire*

**TWINTIGSTE EEU**

- DEBUSSY — *La cathédrale engloutie* uit *Préludes* Boek 1
- SCHOENBERG — No 1, uit *Drie Klavierstukke,* op 11
- RAVEL — *Le Martin-Pécheur*, no 4 uit *Histoires Naturelles*
- BARTÓK — Bulgaarse Ritme, no 115 uit *Mikrokosmos,* vol IV<br>Sinkopasie, no 133 uit *Mikrokosmos,* vol V<br>Verminderde Kwint, no 101 uit *Mikrokosmos,* vol IV
- STRAWINSKI — *Full Fadom* Five, no 2 uit *Three Songs from William Shakespeare*
- WEBERN — *Wie bin ich froh!* no 1 uit *Drei Lieder,* op 25
- BERG — *Schlafend trägt man mich* uit *Vier Lieder,* op 2
- HINDEMITH — *Fuga prima in C*, uit *Ludus Tonalis*
- DALLAPICCOLA — Simbolo no 1, uit *Quaderno Musicale di Annalibera*
- PETER KLATZOW — *Prayer for the Bones*, uit *From the Poets*
- JEANNE ZAIDEL-RUDOLPH — Virtuoso 1

Graad 8.2

## VOORGESKREWE RENAISSANCE EN TWINTIGSTE EEUSE WERKE

Alle voorgeskrewe Renaissance en Twintigste Eeuse werke kan gevind word in:

Charles Burkhart with William Rothstein, *Anthology for Musical Analysis: Postmodern Update,* Sixth Edition, Copyright @ 2008 Thomson Schirmer.

Hierdie publikasie kan bestel word van:

Van Schaik Boekhandel (sien p. 14) of die internet.

## VOORGESKREWE SUID-AFRIKAANSE WERKE

| JEANNE ZAIDEL-RUDOLPH | PETER KLATZOW |
|---|---|
| kan bestel word van: | kan bestel word van: |
| Die Bedryfsafdeling<br>Unisa Uitgewers<br>Posbus 392<br>UNISA<br>0003 | Samro<br>Posbus 31609<br>BRAAMFONTEIN<br>2017 |
| Tel (012) 429-3368<br>Faks (012) 429-3221 | Noelene Kotzé (Samro Archive)<br>Tel (011) 489-5162<br>Faks (011) 403-1934 |
| e-pos: frasehhj@unisa.ac.za<br>(navrae alleenlik) | e-pos: noelene.kotze@samro.org.za |
| **GEEN KBA AFLEWERING NIE** | |

**NB!**

**'n Lys aanbevolle boeke vir Graad 8 Musiekteorie is beskikbaar op ons webblad www.unisa.ac.za/music (skakel: *Theory of Music Resources*).**